

# TEENVERKRAGTINGSMAATREËLS

AfriForum

## ■ VEILIGHEID TUIS

» Vervang alle slotte wanneer jy in ’n nuwe huis intrek. Installeer ’n loergaatjie in die deur. Moet nooit die deur goedsmoeds vir enigiemand oopmaak nie.

» Hou deure te alle tye gesluit, en leer jou kinders dieselfde.

» Bevestig die identiteit van alle persone wat herstelwerk in die huis kom doen. Skakel sy werkplek of agentskap, en laat hom eerder buite wag totdat jy sekerheid het dat hy werklik is wie hy voorgee om te wees.

## ■ VERMINDERING VAN DIE RISIKO

Hieronder is ’n lys van wenke wat gevolg kan word om die risiko van verkragting of aanranding te verminder:

» Beveilig jou motor en huis. Verseker dat daar altyd ’n groot flitslig, ’n selfoon en ten minste R100 kontant by jou in jou motor is. Die flitslig kan ook as ’n wapen gebruik word. Die kontantbedrag is vir enige noodgeval in verband met die motor (brandstof aankoop, ens.). Hou te alle tye die motordeure gesluit en jou vensters toe. Moet nooit die motordeur vir ’n vreemdeling oopmaak nie.

» Vermy onveilige situasies, plekke en vreemdelinge. Indien jy merk dat jy agtervolg word, ry na die naaste SAPD-stasie, brandweerstasie of enige ander plek waar daar ander mense is (winkels, vulstasies, ens.).

» Moet nooit ná donker alleen of in ’n verlate plek gaan stap nie.

» Vlug as dit lyk asof jy in ’n potensieel gevaarlike situasie verkeer. Gil of maak geraas om aandag op jou te vestig. Dra ’n fluitjie wat ’n aansienlike geraas kan maak.

» Bied passiewe of aktiewe weerstand. Passiewe weerstand is om jouself uit ’n situasie te dink of te praat. Aktiewe weerstand is om onmiddellik aggressief te reageer om sodoende jou aanvaller te ontsenu. Gebruik enige beskikbare wapen (sleutels, haarsproei, naels, tande, ens.).

» Dit is belangrik dat jy tydens so ’n situasie kophou! Oorweeg alternatiewe optredes om uit die situasie te kan ontsnap.

» Jy is verantwoordelik vir jou eie veiligheid. Reël praatjies deur wetstoepassingsbeamptes of ander spesialiste om jou familie, werknemers en bure toe te spreek oor hoe om ’n bedreiging die hoof te bied.

» Moet nooit ’n vreemdeling in jou huis toelaat nie, ongeag die omstandighede.

» Moet nooit teenoor enige vreemdeling laat deurskemer dat jy alleen tuis is nie.

» Moet nooit op enige adreslys, telefoonlys of posbus laat blyk dat jy ’n alleenvrou is nie.

» Skakel buiteligte ná donker aan en laat ten minste een lig in die huis deur die nag aan.

» Indien jy ’n onwelvoeglike oproep ontvang, beëindig dit onmiddellik en moet geensins daarop reageer nie.

## VEILIGHEIDSWENKE TERWYL JY TE VOET IEWERS HEEN GAAN

- Vermy dit om alleen iewers heen te stap. Vra iemand om jou te vergesel en stap in gebiede waar daar ander mense naby is.
- Beweeg in goed verligte areas, weg van gangetjies, bosse en diep en donker inritte.
- Moenie kortpaaie neem deur parke, oop erwe en ander verlate plekke nie.
- Moenie duimry of saamrygeleenthede van vreemdelinge aanvaar nie.
- Indien ’n voertuig by jou stilhou om iets te vra, moet liefs nie te na aan die voertuig kom nie.
- Indien jy agterkom dat jy agtervolg word, stap onmiddellik na die naaste woning of sakeperseel.
- Indien jy geteister word deur die insittendes van ’n motor, draai om en stap in die teenoorgestelde rigting as waarheen jy op pad was.
- Hou jou handsak teenaan jou lyf en moet dit nie laat los swaai nie. Moenie waardevolle items of kontant by jou dra nie.
- Hou jou huissleutel byderhand wanneer jy tuis kom, sodat jy onverwyld kan ingaan.
- Moenie ná sononder gaan draf met oorfone op nie. Jy moet te alle tye in staat wees om te hoor as iemand jou nader.

Wees te alle tye bewus van mense wat in jou nabye ruimte beweeg. Wees bewus van jou omgewing en wees te alle tye voorbereid op enige gebeurlikheid.

## VEILIGHEIDSWENKE TERWYL JY BESTUUR

- Moet nooit ’n ryloper oplaai nie.
- Hou jou motordeure te alle tye gesluit. Kyk onder die motor terwyl jy nader aan die motor stap.
- Kyk op die agterste sitplek en op die vloer van die motor voordat jy inklim.
- Hou jou motorsleutels gereed om die motor onmiddellik oop te sluit sodra jy by die motor kom. Moet nooit in die parkeerarea vir jou sleutel in jou handsak soek nie. Sorg dat jy die sleutel reeds in jou hand gereed het voordat jy ’n gebou verlaat.
- Indien jou motor met ’n afstandbeheerapparaat ontsluit word, aktiveer dit eers sodra jy gereed is om in die motor te klim.
- Verseker dat jy genoeg brandstof het om jou bestemming te kan bereik.
- Indien moontlik, ry in goed beligte, besige paaie en vermy verlate agterpaaie.
- Indien jy merk dat jy agtervolg word, ry onmiddellik na die naaste oop besigheid, SAPD-stasie, brandweerstasie of vulstasie.
- Moet nooit jou huissleutel saam met jou motorsleutel by ’n dienssentrum of parkeerarea los nie.
- Vroue wat alleen reis, moet nooit stilhou om ’n vreemdeling wie se motor gaan staan het, te help nie.
- Indien jou motor onklaar raak, maak die enjinkap oop en klim terug in jou motor. Sluit alle deure en vensters. Indien iemand stilhou om hulp aan te bied, draai die venster net genoeg oop om met die persoon te kommunikeer.

## VEILIGHEIDSWENKE VIR KINDERS EN JONG VOLWASSENES

- Kinders moet daarop attent gemaak word om nooit ’n saamrygeleentheid van ’n vreemdeling te aanvaar nie.
- Moedig kinders aan om met hulle ouers te praat indien hulle ooit in ’n situasie verkeer het waarin hulle ongemaklik gevoel het, nie net met ’n vreemdeling nie, maar ook met ’n vriend of familielid.
- Kinders moet verduidelik word watter roetes om huis toe te neem, en moet verlate gebiede vermy.
- Tieners moenie kinders oppas van mense wat hulle nie ken of deur iemand verwys is nie.
- Ouers moet te alle tye op die hoogte wees van hulle kinders se bewegings.

Dit is, ten spyte van al die wenke en advies, moontlik om in ’n situasie te beland waar jy gekonfronteer word deur ’n aanvaller. Indien die onafwendbare gebeur, het jy slegs sekondes om ’n besluit te neem wat die verskil tussen lewe en dood kan beteken. Om hierdie rede is dit belangrik dat jy jouself geestelik moet voorberei vir die moontlikheid dat jy ’n slagoffer van hierdie verskriklike vorm van geweldmisdaad kan wees.

## RAPPORTEER ’N VERKRAGTING ONMIDDELLIK

Rapporteer dit onmiddellik aan die SAPD. Die polisie kan ’n saak ondersoek en die misdadiger aankeer slegs indien hulle daarvan bewus is.

Moenie:

- Ander klere aantrek nie.
- Bad of stort nie.
- Eet, rook of kougom kou nie. Alle fisiese bewyse, insluitend semen, hare, bloed en velskraapsels onder die slagoffer se naels, kan as bewyse in die hof dien.

## INLIGTING WAT DEUR DIE SAPD BENODIG SAL WORD

- Registrasienommer, fabrikaat, model en kleur van die motor
- Ras van die aanvaller
- Lengte, gewig en ouderdom
- Kleur en lengte van hare
- Kleur van oë
- Kleredrag
- Enige ongewone merke of letsels, tatoeëermerke, ringe ens.
- Baard, snor en spesifieke kenmerkende reuk

Probeer om kalm te bly tydens die insident en om soveel as moontlik te onthou van die aanvaller.